

DIE EFFEK VAN 'N AVONTUURGERIGTE ERVARINGSLEERPROGRAM OP DIE PERSOONLIKE FUNKSIONERING VAN JEUGDIGES

Sumari TESNEAR & Charlé du P. MEYER

*Skool vir Biokinetika, Rekreasie en Sportwetenskap, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom,
Republiek van Suid-Afrika*

ABSTRACT

The research focus on the effect of an adventure-based experiential learning programme on the personal functioning of youth. For the purpose of this study twenty-eight (n=18 males and n=10 females) participants between the ages of 17-19 years participated and were tested on three occasions. The effect on personal functioning was determined by means of "The Comprehensive Functioning Inventory: (CFI-Post)". Data analysis was performed using PASWIN 2000. Practical significance was established by means of effect size. For the development of the adventure-based experiential learning programme a complete personal functioning profile was compiled. The conclusion of this study was that an adventure-based experiential learning programme had a positive impact (with an effect size of $d > 0.5$) on the personal functioning of the youth and thus can be used as an intervention tool.

Key words: Youth; Personal functioning; Experiential learning; Adventure education.

INLEIDING

Weens die druk wat die samelewing op jeugdige plaas, asook die ontwikkelingsprosesse waardeur hulle moet beweeg, gebeur dit dat die gesonde hanteringsmeganismes oorlaai word en dit veroorsaak spanning. Blootstelling aan hierdie stressors kan aanleiding gee tot 'n verhoogde risiko in die ontwikkeling van stresverwante siektes en emosionele skade, soos angstigheid, gedragsprobleme, leerprobleme, alkohol- en dwelmmisbruik, gewelddadige uitbarstings, lae selfkonsep, depressie, gesinsprobleme, onttrekking en selfs selfmoord (Capuzzi & Gross, 1989; Carrell, 1993; Rudenberg *et al.*, 1998).

Verder noem Le Roux (1986), Capuzzi en Gross (1989) asook Mathebula (1995) dat faktore soos sosio-ekonomiese status, omgewing, onstabiele en ontwrigtende huislike omstandighede, fisieke en verstandelike gesondheid daartoe lei dat sommige jeugdige meer vatbaar is vir bogenoemde risiko's. In dié verband noem Suren en Stiefvater (1995); Luckner en Nadler (1997); Weston en Tinsley (1999) dat vandag se jeug meer blootgestel is aan genoemde faktore as vorige geslagte. Volgens Otto (2000) het die jeugdige 'n intense behoefte om iewers te behoort, maar dit word afgeskeep as gevolg van 'n tekort aan emosionele intimiteit, met gevoelens van verlatenheid, innerlike eensaamheid, 'n gebrek aan selfwaarde en selfgeding, frustrasie, wantroue en hulpeloosheid.

Namate die jeugdige egter ouer word, is dit nodig dat hulle meer gevorderde lewensvaardighede aanleer wat hulle sal help om sodoende hulself doeltreffend te organiseer om in die samelewing te kan funksioneer. Van die vaardighede sluit in 'n positiewe selfbeeld, selfbeheersing en onafhanklikheid, positiewe interpersoonlike interaksie, selfvertroue,

selfhandhawing binne 'n groep, hanteringsvaardighede, sosiale verantwoordelikheid, oorlewing en groei, waardebepalings en optimale kognitiewe ontwikkeling (Schoel *et al.*, 1988; Pike *et al.*, 1995; Priest & Gass, 1997; McKenzie, 2000; Garst *et al.*, 2001; Lamb, 2002).

Faul (1995) noem dat klem geplaas moet word op die verbetering van die lewenskwaliteit asook die persoonlike funksionering van jeugdiges. In die studie van Tesnear (2005) wat verband hou met die assessering van jeugdiges met die oog op die ontwikkeling van 'n intervensieprogram is die volgende probleemareas geïdentifiseer: selfpersepsie, traumadinamika, positiewe funksionering wat tevredenheid en toekomspektief insluit asook die besluitnemingsvermoë waaroor hul beskik. In agnemens genoemde probleemareas, kan die jeugdige onderwerp word aan 'n avontuurgerigte ervaringsleerprogram (AEP)¹ (Cason & Gillis, 1994) wat gevolglik die verstandelike, fisieke, sosiale en psigologiese welstand van die jeugdige kan bevorder om sodoende die wêreld daarbuite en hul eie rol daarin te verstaan (Anon., 2000; Bukstein, 1998; Davis-Berman & Berman, 1995; Ewert, 1989; Le Coney *et al.*, 2000). Aansluitend hierby reken Crompton en Sellar (1981); Cason en Gillis (1994); Luckner en Nadler (1997); Waltermire (1999) dat die AEP 'n positiewe impak het op die persoonlike funksionering van die jeugdige mits die intervensie (AEP) spesifiek ontwikkel word om die probleemarea aan te spreek om daardeur die jeugdige tereg te wys om dus optimaal binne die samelewing te funksioneer.

Volgens Priest en Gass (1997) moet die AEP op so 'n wyse ontwikkel word dat doelgerigte uitkomst soos persoonlike groei en ontwikkeling verkry kan word. Verwagte uitkomst binne die AEP word gegroepeer binne die intrapersoonlike vlak waar emosie en die individu 'n rol speel, én die interpersoonlike vlak waar die aandag op die groep en sosialisering gefokus word (Priest & Gass, 1997). Crompton en Sellar (1981) asook Steyn (2001) noem die volgende uitkomst wat verkry word indien ontwikkeling binne die intrapersoonlike vlak plaasvind: die bewustheid van die self en selfbeoordeling, selfvertroue, selfagting, selfkonsep, hantering van spanning, deursettingsvermoë, aanpassing, selfaktualisering, bereidheid om risiko's te neem en om selfdoeltreffendheid te verbeter. Uitkomst wat van belang is by die interpersoonlike vlak sluit in: groepsbewustheid, groepkohesie, groepafhanklikheid, groepeerfektiwiteit, verandering in houdings en persepsies teenoor ander, effektiewe kommunikasievaardighede, vertroue in ander, nuwe maniere van konflikhantering, vermeerdering in gedeelde besluitneming, verbeterde probleemoplossings- en beplanningsvaardighede, moraal en respek (Gass, 1993; Priest & Gass, 1997; Ewert & McAvoy, 2000; Steyn 2001).

Indien die bogenoemde uitkomst bereik word, verbeter die jeugdige se intrapersoonlike en interpersoonlike vlakke en daaropvolgend sal die jeugdige se algehele welstand verbeter en word sy menslike potensiaal bereik, sodat vorige destruktiewe gedrag omgeskakel kan word in positiewe gedrag (Le Roux, 1986). Navorsers soos Wichmann (1991); Gass (1993); Bendoroff en Scherer (1994); Weston en Tinsley (1999); Ewert en McAvoy (2000); Russell *et al.* (2000); Sibthorp (2003); Verster (2005) het in hul onderskeie studies bevind dat 'n AEP wel 'n impak het op die verbetering van bogenoemde uitkomst.

¹ AEP: vir die res van die artikel word die afkorting AEP, wat verwys na avontuurgerigte ervaringsleerprogram gebruik.

Met deelname aan 'n AEP word die jeugdige geleer om emosies op 'n konstruktiewe wyse te hanteer (Gass, 1993; Russell *et al.*, 2000) en indien dit gekombineer word met die verbetering van fisiese gesondheid en welstand, sal persoonlike groei en –ontwikkeling kan plaasvind (Gass, 1993; Bandoroff & Scherer, 1994; Russell *et al.*, 2000; Ewert & McAvoy, 2000).

Die vraag wat eerstens met die navorsing beantwoord wil word, is of 'n ervaringsleerprogram wat gekenmerk word deur buiteluggerigte avontuuraktiwiteite 'n effek toon op die verbetering van die persoonlike funksionering, met ander woorde die positiewe funksioneringselemente (toekomspektief en tevredenheid), selfpersepsie (gebrek aan selfwaarde, isolasie, angstigheid, verantwoordelikheid vir gevolge teenoor ander en gebrek aan selfgeldende gedrag), trauma-dinamiek (frustrasie, wantroue en stigma) en besluitnemingsvermoë (onafhanklikheid en verantwoordelikheid). Tweedens wil die volhoubaarheid van die AEP (vir 'n tydperk van ses weke na afloop van die intervensie) bepaal word ten opsigte van die dimensies van persoonlike funksionering. Die antwoorde op die vrae sal wys op die noodsaaklikheid van 'n wetenskaplike programontwikkelingsbenadering wat uitkoms gerig is en voldoen aan die behoeftes van die deelnemers.

METODE VAN ONDERSOEK

Ondersoekgroep

Die ondersoekgroep het uit 28 jeugdige (n=18 seuns en n=10 dogters) tussen die ouderdom 17-19 jaar oud bestaan. Die kwasi-eksperimentele navorsingsontwerp is vir die studie gebruik (Thomas & Nelson, 1996) wat 'n voortoets en 'n natoets ingesluit het met 'n retensietoets 6 weke na afloop van die sesdae intervensieprogram (AEP).

Meetinstrumente

Die Omvattende Funksionering Inventaris: (CFI-Post) van Faul en Hanekom (1992) is vir die doeleindes van die studie gebruik en meet die volgende dimensies wat verband hou met die persoonlike funksioneringvlak van jeugdige: positiewe funksioneringselemente (toekomspektief en tevredenheid), selfpersepsie (gebrek aan selfwaarde, isolasie, angstigheid, verantwoordelikheid vir gevolge teenoor ander en gebrek aan selfgeldende gedrag), trauma – dinamiek (frustrasie, wantroue en stigma) en besluitnemingsvermoë (onafhanklikheid en verantwoordelikheid). Die respondente het die mate van hulle gevoel ten opsigte van sekere stellings aangedui op 'n skaal van nooit, selde, soms, helfte van die tyd, dikwels en altyd. Wat selfpersepsie en trauma-dinamieke betref toon die skaal dat 'n waarde van kleiner as 30% binne die gevaararea val, tussen 30%-36% dui 'n waarskuwingsarea aan en 'n waarde van meer as 36% val binne die gervaararea en toon op 'n behoefte vir verbetering. Wat die positiewe funksionering en besluitneming betref dui 'n waarde van meer as 70% die gewenste area aan, tussen 64%-70% dui die waarskuwingsarea aan en 'n waarde van minder as 64% val binne die gevaararea. Volgens Faul en Van Niekerk (1999) beskik die Omvattende Funksionering Inventaris: (CFI-Post) oor 'n Cronbach Alpha - waarde van 0.83.

Navorsingsprosedures

Die inligting is ingesamel deur nagraadse studente in Rekreasiekunde. Die studente is deeglik opgelei oor die doel en aard van die navorsing, asook administratiewe aspekte betreffende die invul van vraelyste. Toestemming is vanaf die betrokke deelnemers, ouers en personeel van

dié betrokke instansie verkry. Die respondente het die CFI-Post vraelys by drie geleenthede voltooi. Die eerste geleentheid was tydens die aankoms by die Avontuurskool. Die tweede geleentheid was na afloop van die intervensieprogram (die AEP) en die derde geleentheid het ses weke na afloop van die tweede toetsgeleentheid plaasgevind.

Statistiese Prosedures

Die data van die Omvattende Funkzioneringsinventaris: (CFI-Post) is verwerk met behulp van die rekenaarprogram PASWIN 2000. Vir meer duidelikheid aangaande watter effek die verskillende dimensies van positiewe funksionering, selfpersepsie, besluitnemingsvermoë en trauma-dinamika het, is effekgroottes vir praktiese betekenisvolheid bereken. Hattie *et al.*, (1997) het bevind dat die bepaling van effekgroottes meer sinvol is as statistiese betekenisvolheid om verandering te bepaal tydens die verskillende komponente met betrekking tot avontuur. Die SAS System for Windows Release (SAS Institute Inc., 1999) is gebruik om die effekgroottes te verwerk en die praktiese betekenisvolheid te bereken.

Intervensie

Die intervensie het plaasgevind gedurende Julie 2004 deur middel van 'n sesdae avontuurgerigte ervaringsleerprogram (AEP) wat ontwikkel is volgens die sisteembenadering van Peterson en Gunn (1984), Rossman (1995), Peterson en Stumbo (2000) en Edginton *et al.* (2004). Die doel van die AEP is om probleme, of te wel disfunksionele gedrag vanuit 'n spesifieke verwysingsraamwerk aan te spreek. Die AEP poog om die jeugdige se kognitiewe, emosionele en fisiese funksionering aan te spreek deur gebruik te maak van spesifieke, geïntegreerde en gestruktureerde avontuuraktiwiteite. Die ervaringsleer metodologie is hier van toepassing en word beskou as een van die uitgangspunte wat sal bydrae tot die ontwikkeling van die AEP. In dié verband noem Heunis (1997) dat "Avontuurgerigte ervaringsleer 'n interaktiewe gebeurde-proses is waardeur 'n deelnemer kennis, vaardighede en waarde tot deelname aan ervarings wat avontuurbeleving by die deelnemer bewerkstellig, toevoeg".

Vir die ontwikkeling van die AEP is 'n voorgestelde proses gevolg om die gewenste uitkomstes te bereik. Gass (1993), Scheepers (1997) sowel as Priest en Gass (1997) beklemtoon die noodsaaklikheid van die proses en noem dat die jeugdige aan 'n meer aktiewe proses van ervaringsleer moet deelneem om te verseker dat aangeleerde kennis suksesvol van een situasie na 'n ander oorgedra word.

Volgens Peterson en Stumbo (2000) is dit nodig om die volledige intervensieproses asook die spesifieke prosedures te bestudeer om sodoende 'n volledige uiteensetting te kan maak vir die ontwikkeling van die AEP. Met verwysing na die ontwikkeling van die intervensieprogram is die avontuurbeleving gekombineer met die ervaringsleermodel wat bekend is as die mikroproses (Heunis, 1997) van Kolb (1984). In dié fase van die proses is die spesifieke programinhoud (intervensie) gestruktureer volgens die unieke behoeftes/probleme/uitkomstes (Petrini, 1990; Huszco, 1990; Gass *et al.* 1991) van die deelnemers, soos geïdentifiseer tydens die vooraf assesseringsproses (Tesnear, 2005). Elke kontak geleentheid is gestruktureer volgens drie fases, naamlik die inligtingsverskaffende fase (berei die deelnemers voor vir die aktiwiteitsfase), die aktiwiteitsfase (deelname aan die aktiwiteit) en die nabetractingsfase wat insluit die prosessering van die aktiwiteitservaring wat oordra van leer laat plaasvind.

RESULTATE EN BESPREKING

Tabel 1 verwys na die praktiese betekenisvolheid van die intervensieprogram op die totale groep ten opsigte van persoonlike funksionering, besluitnemingsvermoë, selfpersepsie, en trauma-dinamika terwyl Tabel 2 en Tabel 3 die effek toon van die intervensieprogram betreffende verskillende geslagte. Vir die doeleindes van hierdie studie word daar op die voortoets en natoets, asook die natoets en retensietoets gefokus om 'n aanduiding van die volhoubaarheid van die AEP te toon.

TABEL 1. EFTEKGROOTTES VAN DIMENSIES VAN POSTIEWE FUNKSIONERING OP DIE TOTALE GROEP

VERANDERLIKES	N	Natoets-Voortoets			Retensietoets-Voortoets			Retensietoets-Natoets		
		\bar{x}	SA	d	\bar{x}	SA	d	\bar{x}	SA	d
Selfpersepsie	28	7.25	12.03	0.60*	6.43	11.35	0.57*	0.82	6.62	0.12
Selfwaarde	28	11.14	18.75	0.59*	5.07	18.11	0.28	6.07	11.14	0.55*
Isolasie	28	6.86	15.26	0.45*	0.54	13.81	0.04	6.32	9.30	0.68*
Verantwoordelik vir ander	28	6.21	17.23	0.36	18.86	19.94	0.95	-12.64	14.05	0.90**
Selfgelding	28	2.86	12.11	0.24	1.43	15.78	0.09	1.43	13.01	0.11
Trauma-dinamika	28	5.11	7.78	0.66*	2.75	6.10	0.45	2.36	4.68	0.50*
Frustrasie	28	3.43	15.75	0.22	-2.68	18.52	0.15	6.11	9.34	0.65*
Wantroue	28	2.54	10.77	0.24	0.25	11.14	0.02	2.29	7.99	0.29
Stigma	28	3.30	16.04	0.21	1.32	16.33	0.08	2.04	10.79	0.19
Persoonlike funksionering	28	-5.43	10.28	0.53*	-5.86	13.17	0.45	0.43	7.31	0.06
Tevredenheid	28	-6.32	13.94	0.45	-4.5	18.22	0.25	-1.82	12.47	0.15
Toekomspektief	28	-1.64	15.06	0.11	-3.75	13.75	0.27	2.11	11.39	0.19
Besluitnemingsvermoë	28	-8.21	11.86	0.69*	-5.32	11.04	0.48	-2.89	11.01	0.26
Onafhanklikheid	28	-9.90	11.39	0.87**	-6.82	14.03	0.49	-3.07	10.87	0.28
Verantwoordelikheid	28	-10.41	13.84	0.75	-6.15	11.33	0.54*	-3.5	10.65	0.33

N = aantal persone
SA = standaardafwyking
* = mediumeffek

\bar{x} = gemiddelde afname
d = effekgrootte
** = groot effek

In Tabel 1 word die verskil tussen die voortoets en die natoets en die verskil tussen die natoets en die retensietoets vir die totale groep bereken. Wat die hoofkomponente van persoonlike funksionering betref het die intervensieprogram 'n medium effek getoon wat dui op 'n moontlike praktiese betekenisvolheid te opsigte van selfpersepsie ($d=0.60$), trauma dinamika ($d=0.66$), persoonlike funksionering ($d=0.53$) en besluitnemingsvermoë ($d=0.69$). Die data wys verder daarop dat al die sub-komponente 'n klein tot geen effek op die deelnemers gehad het nie met die uitsondering van onafhanklikheid ($d=0.87$) wat 'n groot effek getoon het en daarom van praktiese belang is. Word daar oorhoofs na die data gekyk is dit duidelik dat die intervensieprogram 'n funksie vervul het, maar dit is wel beperkend. Wat die volhoubaarheid

van die effek van die intervensieprogram betref dui die gemiddeldes daarop dat die effek as matig beskou kan word omrede die veranderinge as nie konstant voorkom. Slegs verantwoordelikheid vir ander ($d=0.90$) het die grootste verandering getoon wat dui op 'n praktiese betekenisvolheid in die praktyk.

Met die verdeling van die totale groep volgens geslag, met verwysing na die effek groottes van dimensie van positiewe funksionering, het die intervensieprogram gewys op effek verskille ten opsigte van geslag.

Tabel 2 verwys na die effekgroottes van die verskillende dimensies van positiewe funksionering op die seunsgroep tydens die voortoets en die natoets asook die natoets en die retensietoets ten einde die volhoubaarheid te bepaal. Uit Tabel 2 blyk dit dat slegs dimensies soos selfpersepsie ($d=0.60$), persoonlike funksionering ($d=0.56$), en besluitnemingsvermoë ($d=0.76$) 'n matige effek getoon het met 'n moontlike praktiese betekenisvolheid in die praktyk. Dit wil dus voorkom asof die intervensieprogram wel 'n rol gespeel het, maar tog beperkend.

TABEL 2. EFKEKGROOTTES VAN DIMENSIES VAN POSITIEWE FUNKSIONERING OP DIE SEUNS

VERANDERLIKES	N	Natoets-Voortoets			Retensietoets-Voortoets			Retensietoets-Natoets		
		\bar{x}	SA	d	\bar{x}	SA	d	\bar{x}	SA	d
Selfpersepsie	18	6.44	10.77	0.60*	5.72	9.86	0.58*	0.72	5.78	0.13
Selfwaarde	18	7.06	15.51	0.46	2.50	17.87	0.14	4.56	9.64	0.47
Isolasie	18	5.89	16.48	0.36	-1.44	15.69	-0.09	7.33	10.22	0.72**
Verantwoordelik vir ander	18	6.22	15.63	0.40	18.39	21.17	0.87**	-12.17	14.37	0.85**
Selfgelding	18	3.17	11.66	0.27	2.22	13.31	0.17	0.94	12.41	0.08
Trauma-dinamika	18	2.83	5.90	0.48	1.39	5.03	0.28	1.44	2.96	0.49
Frustrasie	18	-1.83	13.65	-0.13	-8.94	17.90	-0.50*	7.11	8.57	0.83**
Wantroue	18	3.06	9.17	0.33	1.44	11.58	0.13	1.61	5.37	0.30
Stigma	18	0.00	16.41	0.00	-0.44	16.52	-0.03	0.65	10.74	0.06
Persoonlike funksionering	18	-5.83	10.48	-0.56	-7.78	14.44	-0.54*	1.94	7.72	0.25
Tevredenheid	18	-2.22	13.68	-0.16	-2.22	19.25	-0.12	0.00	11.33	0.00
Toekomstperspektief	18	-4.78	14.33	-0.33	-7.11	11.79	-0.60*	2.33	10.75	0.22
Besluitnemingsvermoë	18	-7.56	9.94	-0.76*	-4.06	11.76	-0.35	-3.50	11.29	0.31
Onafhanklikheid	18	-9.17	10.99	-0.83**	-5.89	14.88	-0.40	-3.28	12.34	0.27
Verantwoordelikheid	18	-8.65	13.26	-0.65*	-5.88	11.61	-0.51*	-1.67	10.71	0.16

N = aantal persone

SA = standaardafwyking

* = mediumeffek

\bar{x} = gemiddelde afname

d = effekgrootte

** = groot effek

Soos aangedui deur die afname in die gemiddeldes van die natoets en retensietoets het 'n geringe verbetering in dié tydsverloop wel plaasgevind met slegs: verantwoordelik vir ander ($d=0.85$) en frustrasie ($d=0.83$) wat 'n effek getoon het en daarom van praktiese belang is. Die inligting (Tabel 2) dui dus aan dat die respondente minder geïsoleerd voel in hul situasies, minder verantwoordelik vir ander se gevolge voel, minder probeer om ander uit die moeilikheid te hou en hul omstandighede as minder frustrerend ervaar. Indien die inligting in Tabel 2 bestudeer word, word waargeneem dat die AEP die grootste volhoubaarheid getoon het op dimensie soos, verantwoordelikheid vir ander, frustrasie en isolasie, terwyl die ander dimensies nie as sulks betekenisvol was nie.

TABEL 3. EFKEGROOTTES VAN DIMENSIES VAN POSITIEWE FUNKSIONERING OP DIE DOGTERS

VERANDERLIKES	N	Natoets-Voortoets			Retensietoets-Voortoets			Retensietoets-Natoets		
		\bar{x}	SA	d	\bar{x}	SA	d	\bar{x}	SA	d
Selfpersepsie	10	8.70	14.55	0.60*	7.70	14.16	0.54*	1.00	8.27	0.12
Selfwaarde	10	18.50	22.51	0.82**	9.70	18.54	0.52*	8.80	13.56	0.65*
Isolasie	10	8.60	13.48	0.64*	4.10	9.23	0.44	4.50	7.52	0.60*
Verantwoordelik vir ander	10	6.20	20.73	0.30	19.70	18.57	1.06**	-13.50	14.17	0.95**
Selfgelding	10	2.30	13.51	0.17	0.00	20.22	0.00	2.30	14.71	0.16
Trauma-dinamika	10	9.20	9.32	0.99**	5.20	7.30	0.71*	4.00	6.68	0.60*
Frustrasie	10	12.90	15.39	0.84**	8.60	14.27	0.60*	4.30	10.83	0.40
Wantroue	10	1.60	13.71	0.12	-1.90	10.56	-0.18	3.50	11.59	0.30
Stigma	10	8.90	14.46	0.62*	4.50	16.35	0.28	4.40	11.03	0.40
Persoonlike funksionering	10	-4.70	10.40	-0.45	-2.40	10.30	-0.23	-2.30	5.91	0.39
Tevredenheid	10	-13.70	11.64	-1.18	-8.60	16.33	-0.53*	-5.10	14.33	0.36
Toekomsperspektief	10	4.00	16.86	0.24	2.30	15.54	0.15	1.70	13.05	0.13
Besluitnemingsvermoë	10	-9.40	15.25	-0.62*	-7.60	9.77	-0.78*	-1.80	10.98	0.16
Onafhanklikheid	10	-11.20	12.57	-0.89**	-8.50	12.94	-0.66*	-2.70	8.15	0.33
Verantwoordelikheid	10	-13.40	15.00	-0.89**	-6.60	11.43	-0.58*	-6.80	10.24	0.66*

N = aantal persone

SA = standaardafwyking

* = mediumeffek

\bar{x} = gemiddelde afname

d = effekgrootte

** = groot effek

Tabel 3 dui aan tot watter mate die intervensieprogram as prakties betekenisvol beskou kan word vir die dogters ten opsigte van dimensies van positiewe funksionering asook die volhoubaarheid daarvan. Tydens die voortoets en natoetsmeting dui die effekgroottes van dimensies soos selfwaarde ($d=0.82$), trauma-dinamika ($d=0.99$), frustrasie ($d=0.84$), tevredenheid ($d=1.18$), onafhanklikheid ($d=0.89$) en verantwoordelikheid vir ander ($d=0.89$) 'n groot waarde te hê en is die resultate prakties betekenisvol en van groot praktiese belang. Dimensies wat 'n medium effek toon by die dogters is selfpersepsie ($d=0.60$), isolasie

($d=0.64$), stigma ($d=0.62$) en besluitnemingsvermoë (0.62). Uit die inligting is dit dus duidelik dat die avontuurgerigte intervensieprogram 'n impak/verskil gemaak het op die positiewe funksionering van die dogters.

Wat die volhoubaarheid van die onderskeie dimensies van persoonlike funksionering betref by die dogters, het selfwaarde ($d=0.60$), isolasie ($d=0.60$), trauma-dinamika ($d=0.60$) en verantwoordelikheid ($d=0.66$) verbeter, wat dui dat die intervensieprogram 'n matige effek toon en nie as konstant voorgekom het nie. Slegs die verantwoordelikheid vir ander dimensie ($d=0.95$) het konstant gebly tydens die natoets en die retensietoets wat daarop dui dat dié dimensie as die standhoudendste voorgekom het. Wat Tabel 2 en Tabel 3 ('n vergelyking tussen die seuns en dogters se dimensies) betref is dit opmerklik dat die intervensieprogram 'n groter impak gehad het op die dogters as op die seuns met die uitsondering van die verantwoordelikheid vir ander (dogters ($d=0.95$) en seuns ($d=0.85$))_dimensie wat as die volhoubaarste dimensie voorgekom het vir beide geslagte.

Indien oorhoofs na Tabel 1, Tabel 2 en Tabel 3 gekyk word, is dit opmerklik dat na aanleiding van die resultate van die natoets die AEP vir die verskillende dimensies van persoonlike effektiwiteit voorsiening maak. Na afloop van die AEP het die respondente hulself in 'n positiewe lig gesien ($d=0.60$), hulself as waardevol geag ($d=0.59$), die vaardigheid ontwikkel om onafhanklik besluite te neem ($d=0.69$) en verantwoordelikheid vir hul besluite ($d=0.75$) te aanvaar. Tussen die natoets en die retensietoets het die "verantwoordelikheid vir ander" ($d=0.90$) dimensie verbeter, terwyl dimensies soos selfwaarde ($d=0.55$), isolasie ($d=0.68$), trauma-dinamika ($d=0.50$) en frustrasie (0.65) 'n medium effek getoon het. Die inligting toon dat verantwoordelikheid vir ander die standhoudendste dimensie is aangesien dit dui op 'n praktiese betekenisvolheid in die praktyk.

GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS

Literatuur aangaande ervaringsleer en die buitelogomgewing is in hierdie studie ondersoek, aangesien dit as deel van die onderbou van die AEP beskou word. Die intervensieprogram is toegepas binne die konteks van groepintervensie met uitgesoekte aktiwiteite spesiaal ontwerp vir die individu, asook geïdentifiseerde groepsprobleme aan die hand van 'n proses van vooraf-assessering.

Die afleiding wat gemaak kan word met dié studie is dat die AEP wat ontwerp is, na aanleiding van vasgestelde beginsels wat gebaseer is op die ervaringsleer metodologie, 'n effek getoon het op die persoonlike funksionering (selfpersepsie, positiewe funksioneringsareas, trauma-dinamika, verhoudings- en besluitnemingsvermoë) van die ondersoekgroep. Die afleiding word ondersteun deur Weston en Tinsley (1999); Ewert en McAvoy (2000); Rosol (2000); Russell *et al.* (2000) en Sibthorp (2003) dat deelname aan 'n AEP wel 'n impak het op persoonlike funksionering en wel ten opsigte van die verbetering van selfpersepsie en gesinsaanpasbaarheid, vertrouensbou, kommunikasie, emosionele herstel, selfdoeltreffendheid, groepkohesie, selfbemagtiging, lokus van kontrole, hulpeloosheid, passiwiteit en gevoel van 'n verlaagde selfwaarde.

Die gevolgtrekking van hierdie studie kan dus onder die volgende punte saamgevat word:

- Hedendaagse jeugdige lewe onder geweldige spanning, wat daartoe kan lei dat hul persoonlike funksionering versteur kan word;

- Vir die AEP om suksesvol te wees moet die intervensie op 'n wetenskaplike gefundeerde grondslag ontwikkel word;
- Vooraf-assessering word beskou as 'n noodsaaklikheid vir die ontwikkeling en implementering van die AEP;
- 'n Afsonderlike AEP vir seuns en dogters moet ontwikkel word, aangesien die resultate daarop dui dat probleemareas as verskillend ervaar word.
Desnieteenstaande 'n tekortkoming wat in hierdie studie gevind is soos die lae getal respondente wat kon bygedra het dat sommige dimensies (soos selfwaarde, selfgelding, wantroue, stigma, tevredenheid, toekomspektief, onafhanklikheid en verantwoordelikheid vir die self) geen praktiese betekenisvolheid getoon het nie, kan die volgende aanbevelings ten opsigte van die AEP as intervensieprogram voorgestel word:
- Vir die AEP om 'n duidelike effek op jeugdige se persoonlike funksionering te toon, moet die AEP spesifiek ontwikkel word wat gerig is op die dimensie waarin verandering verlang word.
- Die AEP behoort as medium van ontwikkeling op intrapersonlike, interpersoonlike en groepsgedrag rakende jeugdige erken en gebruik te word.
- Die AEP behoort in organisasies en skole geïmplementeer te word om spesifieke ontwikkelingsareas aan te spreek.
- Die inhoud en metodologie van die AEP moet wetenskaplik verantwoordbaar wees.

Soortgelyke studies word gevolglik aanbeveel wat op verskillende kulture fokus om sodoende meer inligting te verkry oor die persoonlike funksioneringsprofiel van blank-, swart-, kleurling jeugdige om daardeur 'n bydrae te kan lewer tot die verbetering van lewenskwaliteit van jeugdige in Suid-Afrika.

SUMMARY

THE EFFECT OF AN ADVENTURE-BASED EXPERIENTIAL LEARNING PROGRAMME (AEP) ON THE PERSONAL FUNCTIONING OF YOUTH

The aim of this research was to develop of a scientific based experiential learning programme using the elements of personal functioning (positive functioning, self-perception, traumadynamics, relationships and decision making) of youth in society. The methodology based on experiential learning, wilderness and adventure programming was investigated to research the impact of the adventure-based experiential learning programme (AEP) on the youth. This information was used to develop an AEP as an intervention to enhance the personal function of the youth.

Twenty-eight (n=18 males and n=10 females) youth between the ages of 17-19 years were participants of the study, and were assessed on three occasions, firstly on arrival at the Adventure School, secondly directly after the 7 days intervention programme and thirdly six weeks there after.

The Comprehensive Functioning Inventory (Post-Metric) questionnaire was used to determine the effect of the AEP on the following dimensions of personal functioning: positive functioning (satisfaction and future perspective), decision-making abilities (independency and responsibility), self-perception (lack of self worth, isolation, responsible for others and lack

assertiveness) and trauma-dynamics (frustration, mistrust and stigma). The data received was processed in conjunction with PASWIN 2000. The SAS system for Windows Release was used to determine the effect sizes (practical significance) and to calculate the sustainability of the effect.

The results of the pre-test identified the following dimensions as problem areas: positive functioning, self-perception, trauma-dynamics and decision-making abilities. The pre-post-test results of the total group show that the AEP has a medium impact on positive functioning ($d=0.53$), self-perception ($d=0.60$), trauma-dynamics ($d=0.66$) and decision-making abilities ($d=0.69$), while the sub-component independence ($d=0.87$), experienced practical significant improvements. Measuring the sustainability of the intervention programme, the post-results show that responsibility to others ($d=0.90$) is the only sub-component which has practical meaning.

When the total group was divided by gender, few significant differences on the effect of intervention programme was found. The boys' results for the pre-post test show that positive functioning along with its sub-components, responsibility for others ($d=0.85$) and frustration ($d=0.83$) is practical significant ($d>0.5$). Furthermore, the post-retention test shows that the AEP is sustainable in dimensions like responsibility for others, frustration and isolation. However, in the results of the girls' pre-post test practical significance was observed in dimensions like self value ($d=0.82$), trauma-dynamics ($d=0.99$), frustration ($d=0.84$), satisfaction ($d=1.18$), independence ($d=0.89$) and responsibility for others ($d=0.89$). The post-retention test for the girls shows responsibility for others ($d=0.95$) as the only sustainable dimension. Comparing the results of the boys and girls, it shows that the AEP has a bigger impact on the positive functioning of the girls with an exception of the responsibility for others (girls ($d=0.95$) and boys ($d=0.85$)) dimension, which was sustainable for both genders. Furthermore, the results show that the dimensions responsibility to others, self value, frustration and trauma-dynamics measured a medium to a large effect ($d>0.5$), thus confirming the positive effect of the AEP on the personal functioning of youth. It also has a sustainable effect on the changes that took place in the personal functioning of the youth.

It can be concluded that the implementation of the AEP may have advantages for youth's personal functioning, especially for the enhancement of self perception and family adaptability, trust, communication, self-efficiency, locus of control, passivity, helplessness, a feeling of devalued self value, emotional healing and group cohesion. The results therefore recommend that, for any AEP to be successfully implemented, the AEP must be scientifically developed with experiential learning, wilderness and adventure programming as methodology. The results of this study confirm the view of Peterson and Stumbo (2000:84) that youth assessment prior to the intervention is necessary for the AEP to address the specific problem areas of the youth. Also, separate AEP for both genders are recommended as the results show that boys and girls experience difficulties in their personal functioning differently. In order to gather accurate and useful information about the youth's functioning profile, it is recommended that more studies with the use of different youth population groups to be studied.

VERWYSINGS

- ANON. (2000). Experiential learning comes of age. Hyperlink [http://www.findarticles.com/cf_0/m4467/3_54/61649765/print.jhtm]. Retrieved 22 February 2002.
- BANDOROFF, S. & SCHERER, D.G. (1994). Wilderness family therapy: an innovative treatment approach for problem youth. *Journal of Child and Family Studies*, 3(2):175-191.
- BUKSTEIN, O. (1998). Summary of the practice parameters for the assessment and treatment of children and adolescents with substance use disorder. Hyperlink [http://www.findarticles.com/cf_0/m2250/n1_v37/20383095/print.jhtm]. Retrieved 18 February 2002.
- CAPUZZI, D. & GROSS, D.R. (1989). *Youth at risk: a resource for counsellors, teachers and parents* (3rd ed.). Alexandria, VA: American Association for Counseling and Development.
- CARRELL, S. (1993). *Group exercises for adolescents: a manual for therapists*. Newbury Park, CA: SAGE.
- CASON, D. & GILLIS, H.L. (1994). A meta-analysis of outdoor adventure programming with adolescents. *The Journal of Experiential Education*, 17(1): 40-47.
- CROMPTON, J.L. & SELLAR, C. (1981). Do outdoor education experiences contribute to positive development in the affective domain? *The Journal of Environmental Education*, 12(4): 21-29.
- DAVIS-BERMAN, J. & BERMAN, D.S. (1995). Adventure as psychotherapy: a mental health perspective. Hyperlink [http://www.lin.ca/resource/html/vol22/v22n2a4.htm]. Retrieved 14 January 2002.
- EDGINTON, C.R.; HUDSON, S.D.; DIESER, R.B. & EDGINTON, S.R. (2004). *Leisure programming: a service-centered and benefits approach* (4th ed.). New York, NY: McGraw-Hill.
- EWERT, A.W. (1989). *Outdoor adventure pursuits: foundations, models and theories*. Washington, OH: Publishing Horizons.
- EWERT, A. & McAVOY, L. (2000). The effects of wilderness settings on organized groups: a state-of-knowledge paper. *USDA Forest Service Proceedings: RMRS-P*, 15(3): 13-26.
- FAUL, A.C. & HANEKOM, B. (1992). Perspective training college. Hyperlink [http://www.perspektief.co.za]. Retrieved Augustus 2001.
- FAUL, A.C. (1995). Scale development in social work. Ongepubliseerde PhD-proefskrif. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.
- FAUL, A.C. & VAN NIEKERK, C. (1999). The assessment of vulnerable children with standardized measure instruments. *Social Work Practitioners' Researcher*, 11(3): 89-106.
- GARST, G.; SCHEIDER, I. & BAKER, D. (2001). Outdoor adventure program participation impacts on adolescent self-perception. *The Journal of Experiential Education*, 24(1): 41-49.
- GASS, M.A. (1993). *Adventure therapy: therapeutic applications of adventure programming*. Dubuque, IA: Kendall/Hunt.
- GASS, M.; GOLDMAN, K. & PRIEST, S. (1991). Constructing effective corporate adventure training programs. *The Journal of Experiential Education*, 15(1): 35-42.
- HATTIE, J.A.; MARSH, H.W.; NEILL, J.T. & RICHARDS, G.E. (1997). Adventure education and Outward Bound: out-of-class experiences that make a lasting difference. Hyperlink [http://www.wilderness.com/abstracts/Hattieetal1997AdventureEducationMetaanalysis.htm]. Retrieved 18 August 2004.
- HEUNIS, C. DU P. (1997). Avontuurgerigte spanbou in 'n eietydse samelewing: 'n Menslike Bewegingskunde perspektief. Ongepubliseerde DPhil-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

- HUSZCZO, C.E. (1990). Training for team building. *Training and Development Journal*, 44(2): 34-37.
- KOLB, D.A. (1984). *Experiential learning: experience as the source of learning and development*. Englewood Cliffs, NJ: Prentice-Hall.
- LAMB, I. (2002). An adventurous approach to life. *Horizons*, (20): 6-10.
- LE CONEY, S.; DEVINE, M.; BUNKER, H. & MONTGOMERY, S. (2000). Utilizing the therapeutic recreation process in community settings: the case of Sue. Hyperlink [http://www.findarticles.com/cf_0/m1145/5_35/63090613/print.jhtml]. Retrieved 10 August 2001.
- LE ROUX, J. (1986). Die milieu as medebepaler vir intelligensie aktualisering, selfkonsepvorming en skoolastiese prestasie van die kind in die sekondêre skool. Ongepubliseerde MEd-tesis. Port Elizabeth: Universiteit van Port Elizabeth.
- LUCKNER, J.L. & NADLER, R.S. (1997). *Processing the experience: strategies to enhance and generalize learning* (2nd ed.). Dubuque, IA: Kendall/Hunt.
- MATHEBULA, M.J. (1995). An analysis of the determinants of the self-regulated learning abilities of students from an environmentally-deprived community. Ongepubliseerde PhD-proefskrif. Potchefstroom: Potchefstroomse University for Higher Christian Education.
- McKENZIE, M.D. (2000). How are adventure education program outcomes achieved?: a review of literature. *Australian Journal of Outdoor Education*, 5(1): 19-26.
- OTTO, E. (2000). Ons tieners se nagmerriewêreld. *Rooi Rose*: 96-98, 30 Augustus 2000.
- PETERSON, C.A. & GUNN, S.L. (1984). *Therapeutic recreation program design: principles and procedures* (2nd ed.). Englewood Cliffs, NJ: Prentice-Hall.
- PETERSON, C.A. & STUMBO, N.J. (2000). *Therapeutic recreation program design: principles and procedures* (2nd ed.). Englewood Cliffs, NJ: Prentice-Hall.
- PETRINI, C.M. (1990). Over the river and through the woods. *Training and Development Journal*, 44(5): 25-36.
- PIKE, L.T.; THOMPSON, A.I. & THOMPSON, L.J. (1995). The youth challenge project: models, measurements and mentors. Hyperlink [<http://www.education.curtin.edu.au/iier/iier5/pike.html>]. Retrieved 21 August 2003.
- PRIEST, S. & GASS, M.A. (1997). *Effective leadership in adventure programming*. Champaign, IL: Human Kinetics.
- ROSOL, M. (2000). Wilderness therapy for youth-at-risk. *Journal of Parks and Recreation*, 35(9): 42-55, September.
- ROSSMAN, J.R. (1995). *Recreation programming: designing leisure experiences* (2nd ed.). Champaign, IL: Sagamore.
- RUSSEL, K.C.; HENDEE, J.C. & PHILIPS-MILLER, D. (2000). How wilderness therapy works: an examination of the wilderness therapy process to treat adolescents with behavioural problems and addictions. In S.F. McCool; D.N. Cole; W.T. Borrie & J. O'Loughlin (Eds.). *Wilderness science in a time of change conference* (207-217). Ogden, UT: U.S. Department of Agriculture, Forest Service, Rocky Mountain Research Station.
- RUNDENBERG, S.L.; JANSEN P. & FRIDJHAN, P. (1998). The effect of exposure during an ongoing climate of violence on children's self-perception, as reflected in drawings. *South African Journal of Psychology*, 28(2): 107-115.
- SAS INSTITUTE (1999). *SAS Institute Inc. SAS OnlineDoc. Version 8*. Cary, NC: SAS Institute Inc.
- SCHEEPERS, M.J. (1997). *Development of an adventure based counselling model for the rehabilitation of black male juvenile delinquents*. Ongepubliseerde Magister-tesis. Johannesburg: Rand Afrikaans University.
- SCHOEL, J.; PROUTY, D. & RADCLIFF, P. (1988). *Islands of healing: a guide to adventure based counselling* (2nd ed.). Hamilton, MA: Project Adventure.

- SIBTHORP, J. (2003). An empirical look at Walsh and Golin's adventure education process model: relationships between antecedent factors, perceptions of characteristics of an adventure education experience, and changes in self-efficacy. *Journal of Leisure Research*, 35(1): 80-106.
- STEYN, R. (2001). Die ontwerp en evaluering van 'n buitemuurse ervaringsleeringreep. Ongepubliseerde DPhil-proefskrif. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.
- SUREN, A. & STIEFVATER, R. (1995). On the path to solving at-risk behaviour among youth. *Parks and Recreation*, 30(8): 14-22.
- THOMAS, J.R. & NELSON, J.K. (1996). *Research methods in physical activity*. Champaign, IL: Human Kinetics.
- TESNEAR, S. (2005). Die effek van 'n avontuurgerigte ervaringsleerprogram op die persoonlike funksionering van jeugdige. Ongepubliseerde Magister-tesis. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.
- VERSTER, Y. (2005). Die impak van 'n avontuurgerigte ervaringsleerprogram op die selfpersepsie van jeugdige. Ongepubliseerde Magister-tesis. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.
- WALTERMIRE, M.E. (1999). A kaleidoscope of opportunity: teaching life skills. Hyperlink [<http://www.findarticles.com>]. Retrieved 8 September 2004.
- WESTON, R. & TINSLEY, H.E.A. (1999). Wilderness adventure therapy for at-risk youth. *Parks and Recreation*, 34(7): 30-39.
- WICHMANN, T. (1991). Of wilderness and circles: evaluating a therapeutic model for wilderness adventure programs. *Journal of Experiential Education*, 14(2): 43-48.